# SUIDPOOLMANNE BRING



OOS wes, tuis bes. Terug in hul vaderland het hierdie vier spanlede die hare laat waai en hul mooiste glimlag vir Die Vaderland-fotograaf gegee. V.l.n.r. is mnre. Leon Wolmarans, van Potchefstroom, Pieter Sutcliffe, van Pretoria, Schalk Engelbrecht, van Grahamstad, en Barry Kock, van Edenburg, wat die beker verower het vir die beste boskasie hare.

# Waar is Hertzogiete in Waterberg?

(Politieke Korrespondent)

WATERBERG is so NAT soos Nasionaal kan kom. Van al die baie Hertzog-ondersteuners daar waarmee die Sunday Times en ander media van die Hertzog-groep spog, kon dusver weinig spoor gevind word, tensy hulle baie sku mense is wat die Nasionale Party-vergaderings vermy.

Die Nasionale Party-kandidaat vir Waterberg, mnr. J. H. Campher het pas die sogenaamde Hertzog-kol in die gebied binnegeval en 'n reeks takvergade-

(adv. Ras Beyers se „vesting") 99 mense, 34 teenstemme; Markeñ 50 mense, geen teenstemme; Naboomspruit 51 mense, 4 teenstemme.



MNR. DRIES NIEMAND, van Rustenburg. Terwyl hy in Antarktika was, het hy vader geword en dit nogal sy eersteling.



MNR. TONY AUTENBOER, leier van die Belgiese Suidpoolekspedisie. Ses van sy spanlede het 'n noue ontkoming gehad toe hul vliegtuig aan die brand geslaan het en totaal verwoes is.

# MAAT SE LYK NA KAAP

(Verteenwoordiger)

**KAAPSTAD — Daar was vreugde maar ook verdriet met die aankoms van die 15 lede van die Suid-Afrikaanse Suidpoolekspedisie gister aan boord van die navorsingskip R.S.A. in die Tafelbaaise hawe — vreugde weens die weersien van geliefdes, familielede en vriende ná 'n afwesigheid van meer as 'n jaar, en verdriet omdat hulle 'n kollega in die vreemde aan die dood moes afstaan.**



**KOES mense! Die Suidpoolmanne het geen twyfel gelaat waar hulle die afgelope jaar vertoef het nie en die wagtendes op die kaai met sneeuballe gepeper. Veral die vrou met die sonsambreel moes dit ontgeld. Ten einde raad het sy skuiling agter 'n spoorwegtrok gesoek.**

*Die lyk van mnr. Gordon Mackie, 'n werktuigkundige, was ook op die skip. Hy het by Antarktika verongeluk terwyl hy op pad was na die basis van die bergspan, sowat 400 km. van die hoofbasis Sanae.*

Hoewel die ekspedisielede streng opdrag gekry het om nie met buitestaanders oor die ongeluk te gesels nie, word verneem dat mnr. Mackie van 'n berg na sy dood gestort het.

Sy ouers woon in Skotland en is deur die Departement van Vervoer van sy dood in kennis gestel. Sover bekend, het mnr. Mackie behalwe 'n oom in Oos-Londen, geen ander familielede in Suid-Afrika gehad nie. Dit is nog nie bekend of sy begrafnis in Suid-Afrika of Skotland sal plaasvind nie.

## Gewild

Sy kollegas het hom as 'n gewilde persoon bestempel en gesê hulle was baie ontsteld toe hulle die tyding van sy dood ontvang. Sy lyk is na die hoofbasis gebring, waar dit was totdat die R.S.A. die spanlede kom oplaai het.

Die leier van die tiende Suidpoolekspedisie was mnr. Henry Fulton. Die span het vroeg verlede jaar na die Suidpool vertrek. Vier van die lede het heeljaar in die berge deurgebring, terwyl die ander by Sanae gestasioneer was.

Die manne wat gister by hul aankoms elkeen met 'n groot boskasie hare gespog het, vertel dat dit soms bitter koud was — glo die koudste die afgelope drie jaar. Die kwik was by tye 50 grade onder vriespunt. Danksy hul spesiale kleding, het almal dit egter goed deurstaan.

Die beker wat jaarliks toegeken word vir die spanlid met die beste boskasie hare, is gewen deur mnr. Barry Kock van Eden-

begin vanjaar met die R.S.A. na die Suidpool gegaan het.

Hul leier mnr. Tony Autenboer, vertel dat Antarktika vanuit 'n geologiese oogpunt nog braak lê. Daar is nog talle onbeantwoorde vrae.

Sy span was maar 'n maand by die Suidpool. Een van die twee ligte vliegtuie wat hulle saamgeneem het vir opnames het ongeveer 'n week ná hul aankoms aan die brand geslaan en is heeltemal verwoes. Dit het gebeur terwyl die vliegtuig met ses insittendes naby Sanae geland het. Gelukkig kon almal betyds uit die vliegtuig klouter en padgee voordat die brand hand-uit geruk het.

As gevolg van dié ongeluk, sit mnr. Autenboer nou met 'n yslike probleem. Die reuse-krat waarin die vliegtuig verskeep is, staan nog op die dek van die R.S.A. Die affêre kos 'n goeie R3000 en 'n verdere R2000 om dit in België te kry. Nou wil hy weet of iemand in Suid-Afrika nie dalk die kontrêpsie wil koop nie.

